

HOOFREGTER MELIUS DE VILLIERS SE MEDEDELING OOR “SWARTE TROEPE IN DIE OORLOG”

Leopold Scholtz

A. Inleiding

Oor die verhoudinge tussen blank en swart in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar reeds veel geskryf.¹ 'n Tydperk waar die navorsingsveld oor dié tema egter nog grotendeels braak lê, is die Tweede Vryheidsoorlog van 1899—1902. Ander aspekte van hierdie veelbewoë tyd is reeds uitvoerig beskryf, maar een van die weinige historici wat hom nog aan 'n beskrywing van rasseverhoudinge tydens die oorlog gewaag het, is J.P. Botha met sy *Die Moord op Derdepoort — Nie-blankes in Oorlogsdiens*, Pretoria, 1965. En hy behandel ook maar net 'n episode uit die eerste weke van die oorlog. Dat dit 'n leemte in ons geskiedskrywing is, is seker. Verhoudinge — goed of sleg — wat tydens vredestyd opgebou is, is tydens die oorlog op die proef gestel en die resultaat is nog maar oppervlakkig bekend.

Ons weet weliswaar dat verskeie Bantoestamme neutraal gebly het. Ander stamme en ook talle individue het hulle weer of aktief aan Britse kant in die stryd gemeng, of welwillend teenoor die Britse oorlogspoging gestaan. Die Republieke het meestal hierop gereageer deur gekleurdes onder die wapen te fuisseer. Hulle het self geen nie-blankes in aktiewe diens gebruik nie, omdat dit teen hul beginsels ingedruis het. Die stryd met die Britte was vir hulle 'n stryd tussen blankes, waarmee die nie-blankes niets te make gehad het nie.

Wat hieronder volg, is 'n dokument wat oor hierdie onderwerp handel. Dit is seker nie die waardevolste dokument wat 'n navorsing kan teekom nie, maar indien dit 'n historikus kan prikkel om hierdie gewigttige onderwerp aan te pak, sal die publikasie hiervan in sy doel geslaag het.

Die dokument is kennelik 'n onvoltooide konsep-opstel oor bg. onderwerp. Dit dra die titel *Swarte troepe in die oorlog* en is nie onderteken nie. Die bekende historikus, dr. G.D. Scholtz, het dit in die veertigerjare onder die dokumente van wyle dr. N.J. van der Merwe teëgekom en dit is tans in sy besit. Publikasie geskied met sy toestemming.

Uit die dokument self, waar die outeur as "Hoofregter" aangespreek word, blyk dit dat dit deur hoofregter Melius de Villiers van die Oranje-Vrystaat opgestel is. Volgens dr. Scholtz is dit ook in De Villiers se handskrif. Die presiese datum van opstelling kon nie vasgestel word nie. Tog maak De Villiers in die stuk melding van artikels' in die *Cape Argus* van 19.3.1931. Die stuk moes dus tussen dié datum en sy dood in 1938 opgestel gewees het, d.w.s. toe hy reeds bejaard was.

Vir 'n uitvoerige historiografiese uiteensetting, kyk E.L.P. Stals, *Die Verhouding tussen Blank en Nie-blank in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing*, Publikasiereeks van RAU, A64.

Die opstel is in ink op agt bladsye van klein formaat geskryf. De Villiers was blybaar van plan om dit te voltooi en ietwat te verwerk (daar is nogal veel veranderings en verbeterings aangebring), maar hy het om die een of ander rede nooit sover gekom nie. Die eienaardige Hollands-Afrikaans waarin dié stuk opgestel is, is onveranderd gelaat.

Melius de Villiers (5.9.1849—6.7.1938), 'n broer van die bekende Kaapse hoofregter, sir Henry (later lord) de Villiers, is in die distrik Paarl gebore, waar hy sy skoolopleiding ontvang het.² Op veertienjarige leeftyd is hy na die South African College in Kaapstad, waar hy gou as uitstekende regstudent blyke van sy bekwaamheid gelewer het. Hy is in 1872 tot die Kaapse balie toegelaat.

Vier jaar later het pres. J.H. Brand hom as tweede strafregter van die pas opgerigte Hooggereghof in Bloemfontein aangestel. Dit was die begin van 'n lang en vrugbare dienstyelperk aan die Oranje-Vrystaat, 'n land waaraan De Villiers sy lojaliteit volkome gegee het. In 1880 is hy bevorder tot eerste strafregter en in 1889 tot hoofregter.

Net voor die Britse besetting van Bloemfontein tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die Vrystaatse regering die stad verlaat. De Villiers moes egter agterby om na enige dringende sake om te sien. Hy is daarop gevange geneem, maar is toegelaat om hom naby Stellenbosch te vestig, waar hy tot die vredesluiting in 1902 gebly het.

In 1905 vertrek hy na Nederland, waar hy 'n professoraat in die regsgelerheid aan die Rijksuniversiteit te Leiden aanvaar. Na sy terugkeer in 1912 was hy weer aktief in die gemeenskapslewe, maar enkele jare voor sy dood trek hy hom terug op sy seun se plaas in die distrik Stellenbosch. Dit is waarskynlik in dié tyd dat hy die hieropvolgende opstel geskryf het.

B. Die Dokument

Eendag ontmoet ik die heer Abraham Fischer³, Lid van die Uitvoerende Raad in 'n straat te Bloemfontein. Na groetenis sê hy: "Hoofregter, ik kom huis van 'n byeenkoms wat ons gehad het met verskeie Basuto opperhoofde wat gekom is om aan te bied om ons tot hulp te kom als die drieende oorlog mog uitbreek." Hy het hulle name genoem, maar ik onthou dit nou nie, maar skynbaar het hulle die hele Basuto-natie verteenwoordig. President Steyn⁴ sê toen aan hulle: "Nee, ons is baaie dankbaar vir julle aanbod, maar als ongelukkig daar oorlog mog kom dan sal dit wees 'n oorlog tussen blankes en naturelle sal hul daarbuite moet hou." Aldus

2. Die bron vir hierdie kort lewenskets is D.W. Krüger (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, II, pp.187—190.
3. Abraham Fischer (9.4.1850—16.11.1913) was lid van die Vrystaatse Uitvoerende Raad en leier van die republikeinse deputasie wat in Maart 1900 na Europa gestuur is om intervensie in die oorlog van die Europese moondhede te probeer bewerkstellig. Na die Tweede Vryheidsoorlog was hy o.a. premier van die Oranjerivier-Kolonie.
4. Marthinus Theunis Steyn (2.10.1857—28.11.1916) was agtereenvolgens advokaat, regter en staatspresident van die O.V.S. Na die oorlog het hy nog 'n prominente rol as raadgewer en bemiddelaar in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel.

is hier die belangrike aanbod van die hand gewys met samestemming van die andere lede van die Uitvoerende Raad. Of daar notule van die byeenkoms gehou is en of, indien so, sulke notule nog in bestaan is weet ik nie. Missien egter werd notule van die Uitvoerende Raad nie gehou nie.

President Steyn had wellig die indruk, wellig die versekering, dat deur die teenparty geen gebruik sou gemaak word van naturelle als dit tot oorlog mog kom. Misskien het die President die gevolgtrekking maar afgelei van iets wat in die Engelse Parlement geseg geword is. Dog Kapitein Fletcher Vane⁵ ('n blybaar waarheidsliewende man) het in die Engelse *Fortnightly Review* positief geskryf dat daar 'n verstandhouding van die aard bestond en dat die Vrystaters geregvaardig sou wees als hulle elke naturel sou doodskiet wat hulle sou vind veggende teen hulle.

Behalwe dit alles is daar nog twee andere feite wat doet blyk dat die President, en seker ook al die andere lede van die Uitvoerende Raad, sig verseker gehou het van 'n waarborg dat geen naturelle als saamvegters aangeneem sou word deur die Britse regeering.

Die eerste van hierdie feite is dat die President, in goed geloof aan die veronderstelling dat die Britse regeering ter goeder trou sou hou aan die vermeende onderneming om geen gebruik te maak van naturelle, aan my opgedra het om 'n Proklamatie op te stel te kenne gevende dat als ongelukkig oorlog mog uitbars dit 'n oorlog sou wees tussen blanke en dat naturelle hulle nie daarin moes bemoei nie, en die Proklamatie moes in Sesuto vertaal en in Basutoland versprei word. Dit is dan ook gedaan geword, en stellig moet bekend geword het aan ons teenparty. Terloops mag ek meld dat in één Engelse koerant aan die Kaap met gewone waarheidsliefde vertel geword is dat daar Proklamatie vervaardig was om die Basutoes tot oorlog aan te hits!

Die tweede van die feite is dat die President, nadat dit gevind geword is dat groote troepe naturelle met Britse troepe same veg, orders vervaardig het dat naturelle wat met die Britse sameveg en gevang word doodgeskiet moes word en aan die orders is dan ook gevolg gegee. President Steyn was nie 'n man nie om so iets te doen tensy hy daartoe allessins geregvaardig was. Sy orders was volkome overeenkomstig met die oorlogsgbruik van be-skaafde naties.

Had nou President Steyn die aanbod van die Basuto opperhoofde aangeneem wat 'n geskreu en lawaai sou daar nie ontstaan het nie. Misskien is dit nog die handeling ter goeder trou, die regssinnigheid van hem, wat oorzaak gewees is dat die Oranjevrystaat als republiek ten onder gegaan is.

Dit sal miskien vireers vreemd lyk dat die Basutoes geneë sou wees om met die Vrystaat saam te gaan teen die Engelse, terwyl hulle vroeër vyande was. Maar die verklaring hiervoor skyn te wees als volg. Engeland het Basutoland oorgeneem en onder beskerming van die Kaap Kolonie gestel. Die Kaapse Parlement het 'n tydlang daarna 'n ontwapeningswet gepasseer wat toepasselik was op Basutoland. Daardeur is oorlog ontstaan

5. P.F. Fletcher-Vane was ook die outeur van 'n boek, *Pax Britannica in South Africa*, Londen, 1905.

waarin die Basutoes nie die slegste van afgekom het nie.⁶ Gedurende die oorlog was die algemeen gevoele onder die burgers in die Vrystaat dat dit nooit moes toegelaat gewees het nie om vir hale vuurwapens aan te skaf, maar nou dit toegelaat was was dit uiters onregvaardig om hul geweere van hul af te neem. Hulle⁷ het dus tot die besluit gekom dat die Vrystaat meer regvaardig was dan die Engelse.

Dit is geseg geword, ter verontskuldiging van die Britse regeering dat die getal naturelle wat hulle gebesig het maar onbeduidend was. Dit lyk net soos die verontskuldiging van die ongetroude meisie wat 'n kindjie gekry het: "Dit was maar sooo 'n kleintjie."

Hieromtrent kan ik persoonlik iets vertel. Na die vryheidsoorlog het ek 'n korte tydjie as advokaat gepraktiseer en eens onderneem die verdediging by die Rondgaande Gereghof aan die Paarl van 'n man die beskuldig werd dat hy 'n geweer op 'n ander had afgeskiet. Die man op wie geskiet was heette Charles Williams. Ik het al die tyd gedink dat die 'n Engelsman was omdat onder stukke wat by die voorloopig ondersoek ingelewer werd was die ontslagbrief van Charles Williams uit die "Bushveld Rangers". Dit, het ik daarna uitgevind, was 'n naturelletroep. En Charles Williams was 'n swarte naturel die in die Paarl rondgegaan het met vertelsels oor die getal boere wat hy dood geskiet het.

Om met hierdie punt nog stil te staan, in die *Cape Argus* van 19 Maart 1931 verskyn daar meer dan één volledig verslag van die ontvindings van Generaal Hertzog⁸ en andere omtrent die duisende en duisende naturelle teen wie hulle te kampe gehad het.⁹

Op die verwyt dat die Engelse strydvoerders naturelle gebesig het teen die republieke word gewys op die grootmoedigheid van hulle want hulle het die naturelle wat rondom die Transval gevestig is die Transval kan laat oorrompel en het dit nie gedoen nie. Alsof als die naturelle die Transval had kan oorrompel, die naturelle onderskeid sou gemaak het tussen boer of Engelsman. In hierdie saak kom eer die Republieke toe; oneer hulle teenstaanders.

In hierdie verband staat my 'n ander ding voor. Na die beetneem van die gedeelte van die Oranjevrystaat waar diamante gevind is is 'n wagen gelaai met vuurwapens en ander contraband goed op die plaas Magersfontein deur die Oranjevrystaatse regeering in beslag geneem en naar Jakobsdal gevoer. Die behendige Landmeter Orpen¹⁰, die aartsvyand van die

6. Die oorlog het van 1880 tot 1883 gewoed. Die uiteinde daarvan was dat die Kaapse parlement die beheer van Basoetoland aan Brittanje oorhandig het.

7. D.w.s. die Basoeto's.

8. James Barry Munnik Hertzog (3.4.1866–21.11.1942) was voor die oorlog regter en kollega van De Villiers. Tydens die oorlog was hy assistent-hoofkommandant. Hy het later 'n prominente rol in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel en was van 1924 tot 1939 premier.

9. De Villiers verwys hier na 'n openbare polemiek in die pers wat gevolg het op ontkennings van parlementslede van die SAP dat nie-blankes in aktiewe diens teen die Boere gebruik is.

10. Joseph Millerd Orpen (5.11.1828–17.12.1923), 'n Ier, was o.a. landmeter, lid van die Vrystaatse volksraad en van die Kaapse wetgewende vergadering. Hy was ook gemoeid met die opmeet van die grens tussen die OVS en die Kaapkolonie naby die diamantvelde tydens die diamantveldkrisis.

Vrystaat, het dadelik uitgevind dat Magersfontein in die geannekseerde grond geleë was. Daarop het die Kaapse Gouverneur¹¹ een ultimatum gesonde waaraan binnek die tyd van 100 ure voldaan moes worde, dat die wagens dadelik teruggebring moes word, skadevergoeding ten bedrage van £600 betaal moes word en 'n apologie gemaakt. Aan die brutale eis moes noodsakelik voldaan word. En toen die Vrystaatse regeerding protesteerde dat die krygswapene voor die Basutos bestemd was en teen die Vrystaat gebruik kon word het die fatsoenlike gouerneur geantwoord dat dit huis die rede was waarom hy hulle die wapens sou laat kry. (Dit altans is so als my herinnering huis is, maar dit moet ik nog weer ondersoek.)¹²

Daar is nog verhale van vrouens wat van hulle verbrande huise naar die Konsentratie Kampe gedryf is (selfs swanger vrouens) onder toesig van naturelle vir wie hulle kos moes kook onderweg. Kyk dit na.¹³

Ter aanvulling van die bogemelde plaas die redaksie van *Historia* hieronder 'n brief van J.H. Brand Wessels wat op 30 Maart 1917 in *The Cape Times* verskyn het:

NATIVES IN THE BOER WAR

TO THE EDITOR OF THE "CAPE TIMES"

Sir, — In your issue of the 24th March "Afrikanus" challenges me to produce evidence in support of my statement in Parliament that natives had been used by the enemies of the Republics, and that a terrible state had been created in the Boer war, when the women at the behest of the enemy were driven on by the natives. If "Afrikanus" is such a stranger, and evidently he knows precious little concerning the sad history of the last Boer war, I would recommend him to read the following books on the war: by General C.R. de Wet; "Captain Hindon," by Preller (sub-editor of the "Volkstem"); "Vechten en Vluchten," by J.P. Naude; "Hoe Zy Stierven," by Jordaan; "Lest we Forget," "Reminiscences out of the Anglo-Boer War," by General Ben Viljoen; and many others. He would also do well to read the official reports of General Smuts in 1902 and President Steyn's correspondence with the British military authorities. There he will find many instances which will prove where, when, and under what circumstances armed natives were employed by enemies of the Republics to fight against them. On pages

229, 230, 231 and 232 of Naude's book, "Vechten en Vluchten" he will find how natives were commandeered by the English, and were fighting the Boers, capturing women, depriving them of all they possessed, and driving them before them on horseback to the English. At De Nyske women, under threats of being killed, were ordered to take off all their clothes, prepare food for the natives, and thereafter they were driven 35 miles on foot to the English. On page 264 of the same book he will read of the heroic resistance of Field-Cornets Viljoen and Pretorius and Capt. Heinrich du Toit against Capt. Hunt with a force of 1,108 natives at Duivelskloof, where Hunt, several whites, and many natives were killed.

On page 230 of Captain Hindon's book, the writer states: "When Hindon was ordered to the highveld in Transvaal, the same Kaffirs with the same English military equipment did sometimes march out as commandos, against the Boers, with the knowledge and approval of the highest British military authority, and sometimes under command of British so-called intelligence officers, and on such tours every Boer who fell into their hands were plundered and maltreated, if they were not murdered in cold blood, as in the

11. Sir Henry Barkly (24.2.1815 – 20.10.1898).
12. Die voorval het op 10.11.1872 plaasgevind. De Villiers se voorstelling van Barkly se antwoord is egter nie korrek nie. Daar moet in aanmerking geneem word dat hy pas in 1876 na die Vrystaat gekom het en dat hy bg. voorval dus slegs van hoorské ken.
13. Hier breek die opstel af. De Villiers wou dit kennelik nog voltooi, maar het nooit sover gekom nie.

cast(sic) of Lieut. Coetzee and Corp'l. Douw de Beer, of the State Artillery." The writer goes on to quote several instances of cold-blooded murders, of battles fought with natives under orders of the British, which "Afrikanus" will do well to read.

I am now quoting from Reuter's reports in the "South African News" during the war. In January, 1900, the trial of natives took place at Pretoria, charged with the murder of J.H.E. Hamim, of Marico. The defence set up was that the deed was an act of war, they acting on orders from their chief, who had received instructions from the British authorities. Linchwe, the chief, gave evidence, stating that the Commissioner had given him instructions on the outbreak of the war that he was not only to protect himself, but also to take certain active measures. They received arms to defend themselves, and on one occasion they were sent out into the Transvaal territory to capture certain Boers. Witness produced letters entrusting him to exercise himself energetically in seeking out the movements and intentions of the Boers. Sechali, one of Linchwe's fighting generals, deposed that he had fought with the British, and on his own account, against the Boers. The judge's remarks were very pointed. Four of the accused were sentenced to death, and three released.

There are many more cases reported by Reuter in the "S.A. News" shortly after the war, but I am not going to quote them, as they are too sad. There are hundreds of cases in the Free State and Transvaal which have never been recorded, but I have no doubt that, if a commission were appointed to hear evidence and report, as has been suggested by Boer leaders, we shall hear of many, and more serious cases, which up to now have not been made public.

So far, I have only given extracts from various books on the war; but I can assure "Afrikanus" that I went right through the Boer war, and fought on the Republican

side, and can personally testify that natives dressed in khaki, and armed with Lee-Metford rifles and commanded by English intelligence officers, were employed during the Anglo-Boer war. Most of the old Republican officers to-day in Parliament are agreeable to give evidence. Commandant Rheeder, M.L.A., would be able to state of the battle he had with Lieut. Bowker and his commando of coloured and native troops at Zastron. Col. Hugo, M.L.A., will tell of the capture of the garrison of Pearson. In both of these cases natives were found along with white troops, dressed in khaki and armed with Lee-Metford rifles. Mr. Jan Pen. Wessels, M.L.A. for Frankfort, will tell you about Capt. Bergh, of Winburg, with his native commando, who fought along with the British troops and laid waste to all the farms round about Marquard and Winburg, and molesting and capturing defenceless women and children. Brigadier-General Myburgh, M.L.A., may be able to give evidence of the doings of Colonel Bottomley at the latter end of the war, as well as the murder of the Boers at Holkrans by the natives.

I do not think I ought to go further to prove my statements, but if "Afrikanus" is not satisfied with this, I would advise him to urge for a Commission of Inquiry, to take evidence and report as to the truth and correctness of the allegations contained in the various official reports and books on this matter. — I am, etc.,

J.H. BRAND WESSELS,
M.L.A., Bethlehem.

Cape Town, March 27.

[As the letter of "Afrikanus" was a direct criticism of Mr. Brand Wessels' speech, we, of course, gladly reopen the correspondence in order to publish his reply: but such a discussion is utterly unprofitable at this time of day, and we cannot continue the correspondence from either side.—Ed., "C.T."]